DIE BURGER

Nuus

T.O. HONIBALL 100

07/12/2005 07:28 - (SA)

DIE bekende Suid-Afrikaanse kunstenaar T.O. Honiball is vandag 'n eeu gelede op Cradock gebore. As spotprentkunstenaar van Die Burger in die Smuts-era en as skepper van sy geliefde strokies in Afrikaans, so wesenlik deel van ons kultuur, is dit gepas dat vandag aan Thomas Ochse Honiball hulde gebring word.

Klik hier vir Die Burger se aanlyn-galery van T.O. Honiball se bekendste werke.

Hy het sy jeugjare op Stellenbosch deurgebring en reeds as 15-jarige 'n aanleg vir die tekenkuns getoon toe hy 'n prys vir 'n skets van sy ouerhuis, De Hoop in Heroldstraat, gewen het.

Hy het hom by die Universiteit van Kaapstad as student in argitektuur ingeskryf, maar voordat hy die kursus voltooi het, is hy in 1927 na Chicago in Amerika waar hy hom op die handelskuns toegespits het.

Dit het hom in kontak gebring met die ontluikende kultuur van strokiesprente in die Amerikaanse gedrukte media.

In 1930 is Honiball terug na Suid-Afrika waar hy in Kaapstad 'n betrekking by Napier Publishing gekry het. In 1936 is hy in die pos van politieke spotprentkunstenaar by Die Burger aangestel. Hy het hom uitmuntend van sy taak gekwyt in die destydse felle stryd tussen die SA Party van genl. Jan Smuts en die NP onder dr. D.F. Malan. Die Burger het laasgenoemde gesteun.

Maar Honiball was uiteraard 'n mens-mens, en hy het veel meer genot geput uit sy strokiesprente met unieke, menslike karakters soos Adoons-hulle, Jakkals en Wolf en Oom Kaspaas. Die eerste reeks, Oom Kaspaas, het op 4 Maart 1939 in Die Burger verskyn. Jakkals en Wolf was vir Die Jongspan (van 1942 tot 1969) geskep.

Adoons-hulle het van 2 Julie 1948 in Die Huisgenoot, later net Huisgenoot, verskyn.

Die strokies, wat tot 1978 gepubliseer is, en ander soortgelyke strokies en illustrasies uit sy pen, het tot groot vermaak van die lesers gestrek én was tot groot voordeel van die publikasie se sirkulasiesyfer. Veral gewild was sy jaarlikse vakansie-spotprent wat volblad- en soms dubbelblad-grootte in (Die) Huisgenoot geplaas is en wat die vakansie-atmosfeer elke Desember in Suid-Afrika treffend uitgebeeld het.

Landbou-weekblad het ook met groot sukses van sy strokies gebruik gemaak en in sy laaste werkende jare het hy soms politieke spotprente vir Rapport (tot 1978) geteken. Vandag word sy kunswerke as Africana gereken. Sy hande het nooit vir iets verkeerd gestaan nie. As hy nie agter sy tekenbord was nie, het hy meestal

Related Articles
Die kuns van draaksteek en fraai bobbejane
T.O. Honiball op CD, te boek gestel

Die Burger Pluskaart
Gratis Nuusbrief
Bestel foto's
Teken In

VIND
Versekering Vir Vroue
Selfone
Versekering
Akkommodasie

VIND JOU OU SKOOLVRIEND



Kies jou skool se provinsie

Kies

en klik op die eerste letter van jou skool

A B C D E F G H I J K
L M N O P Q R S T U
V W X Y Z

ONS BEVEEL AA

- Helderberg
- Paarl Post
- Eikestadnuus
- Worcester Standard
- Hermanus Times

E-Pos ons

- Algemene Navrae
- Adverteer in Die Burger
- Briewe aan Die Burger
- Huisaflewering en Sirkulasie
- Klagtes (Ombudsman)
- e-pos die webredaksie
- Nuuswenke
- Die Burger e-pos adresse

Gebruiksooreenkoms

BESTEL ONS FOTO'S BY: www.foto24.co.za

werkende miniatuurmodelle in sy werkskamer in Boston, Bellville, gebou.

Veral plaastoerusting en implemente was sy geliefkoosde onderwerp. In sy tuin het 'n werkende windpomp van sowat 2 m hoog gestaan.

Die FAK het hom in 1984 vir sy skeppende bydrae tot die Afrikaanse kultuur vereer en so ook die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in 1989.

In 1977 het hy sy versameling van meer as 900 sketse aan die Dokumentasiesentrum in die J.S. Gericke-biblioteek van die Universiteit van Stellenbosch geskenk.

Ook na die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum in Bloemfontein is verskeie van sy kunswerke en ander voorbeelde van sy handewerk - onder meer 'n ghitaar en 'n hangklok wat hy self gemaak het. Dit word daar in 'n spesiale Honiball-kamer ten toon gestel en bewaar. Naspers besit 25 van sy kunswerke.

'n Kultuurhistorikus en Kaapse argivaris, dr. Francois Verster, het voorverlede jaar 'n doktorale tesis oor die pikturale humor van Honiball aan die Universiteit van Stellenbosch (US) voltooi en het vanjaar 'n publikasie, Van Kaspaas tot Kaas, die lewe en werk van T.O. Honiball, ook op CD, in samewerking met Sun Press/African Sun Media van die US, laat verskyn.

Honiball was twee keer getroud. Sy eerste vrou, Iona Boesen, is in 1971 oorlede. Vier kinders is uit dié huwelik gebore. Hy het in 1973 met Essie Wiese, 'n skryfster, getrou. Sy is vanjaar 82 jaar oud en woon in haar woning, Hokaai, op Kleinmond.

Honiball is in 1990 op Montagu oorlede. Sy as is in die Eersterivier op Stellenbosch gestrooi.

- Spesiale uitstalling van 60 van Honiball se werke open vanaand om 19:00 in die Sanlam-kunssentrum, Sanlamhof, Bellville. Verster open die uitstalling.

-- Top stories in hierdie kategorie --

Druk | E-pos

Robbie Williams DVD
Robbie Williams in a sy glorie voor 'n gehoor by Knebworth Met treffers soos Fee Angel en Strong.

FORUM
Gesels saam
Plusklubs

South African Books
20% Off New and Bestselling Books
Delivered in 24 Hours to your door

Suid-Afrika Reünies
Ons werf is 100% gratis - meeste ander nie.
Vind u skoolvriende.

Ads by Google Advertise on this site